# Hoofstuk van die dag: Daniël 10

> *Die engel van die Persiese ryk het my een en twintig dae lank teruggehou, maar toe het Migael, een van die vernaamste engele, my te hulp gekom … (vers 13)*

Daniël treur en vas drie weke lank (vers 2). Dit kon moontlik

wees omdat so min Jode die geleentheid wat Kores hulle twee jaar tevore gebied het om na hulle vaderland terug te keer, aangegryp het. Die gryse ou profeet se hart is stukkend omdat sy mense nie sy passie oor die beloofde land deel nie.
Die engel van die Persiese ryk (vers 13) en die engel van Griekeland (vers 20) is na alle waarskynlikheid bose engele, in diens van Satan. Satan en die bose engeleryk is net so 'n werklikheid soos wat God en sy engele is, soos wat die apostel Paulus ons in Ef 6:12 waarsku. Dit is een van die redes waarom ons soms lank moet wag vir 'n antwoord op ons gebede. Die duiwel probeer van die begin af God se werk in die wiele ry, en hy het nog nooit daarmee opgehou nie, soos ons uit hierdie gedeelte so treffend kan sien.
Die duiwel en sy trawante kan 'n mens ontstel. Gelukkig is ons veilig in die hande van Hom wat ons liefhet (vers 19).



© Bybelkoerant 2018 – 2026